2017/01/20
08:35 AM

# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2017/01/20 | DATUM 2017/01/19 | | | + - WEEK GELEDE 2016/01/09 | | + - MAAND GELEDE 2016/12/19 | | + - JAAR GELEDE 2016/01/18 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Data* | Δ | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* |
| DJIA-index | 19732 | -72.32 | -0.4% | 19805 | -1.2% | 19964 | -0.6% | 19843 | 23.4% | 15988 |
| Goud (Spot) | 1208.06 | 5.42 | 0.5% | 1202.64 | 2.8% | 1174.90 | 6.1% | 1139.05 | 11.0% | 1088.11 |
| Brent $/vat | 54.38 | 0.00 | 0.0% | 54.38 | -4.4% | 56.88 | -2.2% | 55.59 | 87.5% | 29.00 |
| 1 € / US$ | 1.0679 | 0.002 | 0.2% | 1.0660 | 1.5% | 1.0525 | 2.1% | 1.0458 | -1.8% | 1.0878 |
| 1 US$ / ZAR | 13.52 | -0.020 | -0.1% | 13.54 | -1.7% | 13.76 | -3.6% | 14.02 | -19.5% | 16.80 |
| Corn | R 1,948.05 | 8 | 0.4% | R 1,940.27 | *CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec Sept 12:00 the previous day | | | | | |
| Wheat | R 2,101.36 | -38 | -1.8% | R 2,139.29 | * CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day | | | | | |
| Soybeans | R 5,315.49 | -23 | -0.4% | R 5,338.28 | * CBOT Soy Jan cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jan 12:00 the previous day | | | | | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | | | | | |
| Corn Dec 17 | 366.00 | 2.00 | 0.5% | 364.00 | 2% | 358.00 | 3% | 356.00 | -8% | 398.50 |
| Wheat Dec 17 | 423.00 | -7.00 | -1.6% | 430.00 | 0% | 423.00 | 3% | 409.00 | -22% | 543.75 |
| Soybeans Nov 17 | 1070.00 | -3.00 | -0.3% | 1073.00 | 9% | 986.00 | 3% | 1036.00 | 20% | 889.00 |
| Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne) | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Jul '17 | 3220.00 | 0.00 | 0.0% | 3220.00 | -2.4% | 3300.00 | -2.4% | 3300.00 | -9.3% | 3550 |
| WMAZ Spot | 3505.00 | 90.00 | 2.6% | 3415.00 | -1.3% | 3551.00 | -15.4% | 4142.00 | -31.5% | 5120 |
| WMAZ Mar 17 | 3378.00 | 56.00 | 1.7% | 3322.00 | -2.0% | 3447.00 | -11.0% | 3795.00 | -29.6% | 4800 |
| WMAZ Jul 17 | 2300.00 | -15.00 | -0.6% | 2315.00 | -5.8% | 2441.00 | -19.3% | 2850.00 | -39.2% | 3780 |
| YMAZ Spot | 3269.00 | 6.00 | 0.2% | 3263.00 | -1.7% | 3325.00 | -1.9% | 3332.00 | -20.8% | 4130 |
| YMAZ Mar 17 | 3173.00 | 10.00 | 0.3% | 3163.00 | -1.6% | 3226.00 | -2.2% | 3244.00 | -19.6% | 3945 |
| YMAZ Jul 17 | 2355.00 | 7.00 | 0.3% | 2348.00 | -2.9% | 2425.00 | -12.8% | 2701.00 | -35.7% | 3660 |
| SOY Spot | 6575.00 | -20.00 | -0.3% | 6595.00 | 4.4% | 6300.00 | 0.2% | 6565.00 | -13.5% | 7600 |
| SOY May 17 | 6056.00 | -34.00 | -0.6% | 6090.00 | 3.9% | 5830.00 | -1.2% | 6130.00 | -10.9% | 6800 |
| SUN Spot | 5488.00 | 3.00 | 0.1% | 5485.00 | 0.1% | 5480.00 | -7.4% | 5925.00 | -27.9% | 7610 |
| SUN May 17 | 5590.00 | 0.00 | 0.0% | 5590.00 | -0.9% | 5639.00 | -6.8% | 6000.00 | -23.7% | 7326 |
| WHEAT Spot | 3928.00 | -7.00 | -0.2% | 3935.00 | -0.8% | 3958.00 | -0.4% | 3944.00 | -20.2% | 4924 |
| WHEAT May 17 | 4083.00 | -18.00 | -0.4% | 4101.00 | 0.1% | 4078.00 | -1.7% | 4152.00 | -19.3% | 5060 |
| NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE | | | | | | | | | | |

**Markoorsig:** Die rand verhandel vanoggend 0.15% sterker as die vlak van gister-middag 12:00. Die rand het gister-oggend teen om en by R13.60/$ verhandel, maar het weer veld gewen na gister-middag toe. Die rand verhandel vanoggend teen R13.52/$. In die globale konteks het die doller versterk teenoor ander geldeenhede voor die inhuldiging van Donald Trump as die Amerikaanse president vandag. Die doller het ook reageer op 'n toespraak deur die Voorsitter van die Federale Reserwebank, Janet Yellen, wat aangedui het dat die Amerikaanse rentekoerse verder kan verhoog hierdie jaar. Die Brent ru olie verhandel teen redelik dieselfde vlakke as gister met die OPEL lande wat 'n sterk poging aanwend om die produksie van olie te sny om die mark te ondersteun. Die Brent ru olie het effens teruggesak van die begin van die week af en verhandel tans teen $54.38/vat.

**Mielies:** Die VSA mieliepryse het effens hoër gesluit in gister se verhandeling. Die pryse verhandel steeds 'n paar sent onder die weerstandsvlak van die 200 dag bewegende gemiddelde prys naby $3.70/skepel. Daar was nie baie markinligting wat die afgelope week die mark betree het nie en die mark het redelik stabiel bly verhandel. Die USDA het Donderdag uitvoerverkope van 110 490 ton 2016/17 seisoen mielies na onbekende bestemmings gerapporteer. Die amptelike weeklikse uitvoerverkope verslag word vandag bekend gestel in die VSA. In Suid Amerika ervaar Argentinië droeër toestande die week wat goed is na die groot aantal reën wat daar geval het. In ander dele van die wêreld het die markte min of meer dieselfde tendens as Woensdag gevolg met die Chinese mieliepryse wat sterker gesluit het terwyl die Europese mark onveranderd gesluit het. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister onveranderd gesluit, met die witmielie nuwe seisoen kontrakte wat steeds onder druk is. Die WM en YM spotprys het met 2.6% en .02% onderskeidelik hoër gesluit. Die WM en YM Maart 2017 kontrakte het ook beide sterker verhandel en hoër afgesluit. Die Kommandowurm uitbraak in die buurlande kan die lande moontlik meer afhanklik maak van SA uitvoere later vanjaar. Ander faktore wat steeds in die plaaslike mark oorweeg moet word, is opvolg reën veral tydens die bestuiwingstydperk.

**Sojabone:** Die VSA sojabone het gister effens laer verhandel en het laer afgesluit na die goeie versterkings wat die afgelope ruk in die sojaboonmark gesien was. Tenspyte van die pryse wat gister onder druk gekom het, verhandel die pryse steeds teen vlakke naby aan die 6 maande hoogtepunt. Die doller wat ook weer sterker verhandel het, het ook bygedra tot die druk op die pryse in Amerika, met die sterker doller wat die VSA minder kompeterend maak in die uitvoermarkte. Die verliese in die mark was egter beperk deur die produksievooruitsigte in Argentinië wat steeds nie so belowend lyk nie. Argentinië is die wêreld se 3de grootste produsent van sojabone sowel as die grootste uitvoerder van sojaboonmeel en olie. 'n Swak oes kan moontlik lei tot laer uitvoervoorrade van hierdie produkte, wat goeie ondersteuning aan die pryse kan bied. Die Buenos Aires Graan Beurs het hul skattings vir sojabone in Argentinië afwaarts aangepas tot op 19. 2 miljoen hektaar vanaf die 19.3 miljoen hektaar in 'n vorige skatting. Die verwagte oes in Argentinië word nou op 52.9 miljoen ton geskat ook laer as die vorige skatting van 54.4 miljoen ton. Farm Futures het gister 'n verslag van aanplantings vooruitsigte in die VSA bekend gestel. Dit toon aan dat die Amerikaanse produsente waarskynlik hierdie seisoen 8.5% meer akkers sojabone behoort aan te plant as in 2016, terwyl die mielie oppervlakte verwag word om met rondom 3.7% te daal vanaf die vorige seisoen. Die skuif van mielies na sojabone kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die hoër winsgewendheid potensiaal, met die aanplant van oliesade eerder as met mielies. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister gemeng verhandel met die pryse van sommige kontrakte wat onder druk was en laer afgesluit het terwyl ander weer ondersteuning gevind het en sterker verhandel het.

**Koring:** Die VSA koringmarkte het gister gemeng verhandel. Die winterkoringmark was onder druk en het laer afgesluit, terwyl die lente koring ondersteuning gevind het en sterker afgesluit het in die nader kontrakmaande. Die Kansas harde rooi winterkoring het die grootste verliese getoon gister en het met 10 sent gedaal. Die pryse van die Kansas winterkoringkontrakte het skerp gestyg die laaste ruk, na die USDA aangedui het dat die aanplantings meer as die verwagtinge gedaal het. Die mark is ook onder druk gewees met die vraag na koring wat afgeneem het as gevolg van die pryse wat teen die hoogste vlakke sedert Augustus verhandel. Dele van die Hoë Pleine behoort reën te kry in die volgende paar dae, sowel as die Mid-weste. In terme van uitvoere het Japan 117 605 ton Amerikaanse en Kanadese koring gekoop, terwyl Egipte, Taiwan en Etiopië ook belangstel in koring vanaf die VSA en/of ander bestemmings. Die internasionale koringpryse verhandel steeds teen redelike lae vlakke met die groot voorraadvlakke wat internasionaal beskikbaar is en groot prys stygings is baie onwaarskynlik internasionaal. Die vooruitsigte in terme van uitvoerverkope is dat dit aan redelik enige kant van laas week se uitvoersyfers kan wees. **Plaaslik:** Die plaaslike mark was gister weer onder druk en het effens laer afgesluit. Die verhandeling in die mark vind steeds stadig plaas en die kontrakvolumes is steeds redelik laag.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za
**Internasionale Markinsigte & Data:** www.usda.co.za

***Opgestel deur**: Michelle Mokone & Luan Van der Walt/ **Vir navrae, kontak**: Michelle@grainsa.co.z/ Luan@grainsa.co.za*

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*